kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Hoe "hoor"ons God in ons lewens?

Skriflesing: Jeremia 1:4-10 (1953)

4 Die woord van die HERE het dan tot my gekom en gesê:
5 Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak.
6 Toe het ek gesê: Ag, Here HERE, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk.
7 Maar die HERE het vir my gesê: Moenie sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek.
8 Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die HERE.
9 Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeroer; en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond.
10 Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant.

Broodjies vir die Pad

Het was voor de 19-jarige Stefano Cabizza de mooiste dag van zijn leven. Hij kreeg een telefoontje van paus Franciscus, enkele dagen nadat hij in Castel Gandolfo, waar het pauselijk zomerverblijf is, bij de kerkleider een briefje had laten bezorgen.

'Ik ben paus Franciscus en laten we je en jij tegen elkaar zeggen', zo begon volgens de krant la Repubblica het telefoongesprek met de jongeman uit de Italiaanse stad Padua.

'Ik kon het niet geloven, we hebben ongeveer 8 minuten lang gelachen en grapjes gemaakt', zegt Cabizza. De paus zei dat ook Jezus en de apostelen elkaar tutoyeerden en vroeg Cabizza veel voor hem te bidden. Aan het eind gaf hij de 19-jarige de zegen.

Het is niet het eerste verrassingstelefoontje van Franciscus. Hij staat erom bekend dat hij graag belt met oude vrienden en mensen die op een of andere manier contact met hem hebben gezocht.

http://www.trouw.nl/tr/nl/4496/Buitenland/article/detail/3496867/2013/08/22/Paus-bezorgt-19-jarige-mooiste-dag-in-leven.dhtml

◆◆◆

God en die profete

… die woord van die Here

Wanneer ons by die profeteboeke kom, is 'die woord van die Here het gekom tot …' 'n algemene uitdrukking. Die heel eerste profeet, Samuel het werklik die stem van die Here gehoor vandat hy 'n klein seuntjie was (1 Sam 3:1-10), maar hierna is dit nie presies duidelik wat met die 'woord van die Here' bedoel word nie. Oor die algemeen lyk dit nie asof dit gaan oor 'n werklike Goddelike stem wat die profeet in 'n ekstatiese toestand van geestesverrukking gehoor het nie – maar soos in die geval van Esegiël, kan dit ook nie heeltemal uitgesluit word nie. En na aanleiding van 1 Samuel 10:5-6, kan ons aflei dat profete wel iets gedoen het om hulle in 'n alternatiewe bewussynstoestand op te werk – in hierdie geval, musiek: 'Wanneer jy die stad binnekom, sal jy op 'n groep profete afkom. Hulle sal van die hoogte af gaan onder begeleiding van harpe, tamboeryne, fluite en liere, en hulle sal as profete optree.'

Maar oor die algemeen lyk dit eerder asof die 'woord van die Here' iets soos 'n innerlike oortuiging was dat die profeet weet wat God wil. As daar gesê word dat die 'woord van die Here' tot 'n profeet gekom het, wil hy daardeur laat blyk dat hy seker is dat die boodskap wat hy kommunikeer, wel 'n goddelike boodskap is, en nie iets wat hyself uitgedink het nie. Al het hy nie die 'woord van die Here' as 'n werklike hoorbare stem gehoor nie, het hy tog God ervaar en die dringendheid van iets wat God hom op die hart gelê het.

http://teo.co.za/artikel/articles/547/1/As-God-aan-die-mens-verskyn-en-met-hom-praat-/Bladsy1.html

◆◆◆

Wicus Luwes. Gebottelde liefde en ingelegde lewens

Emosie speel 'n groot rol in die maak van kos. Ek onthou 'n fliek, Like Water For Chocolate, waar 'n vrou se trane in die kospotte beland het. Die kos het die mense siek gemaak – hulle het op 'n sekere vlak haar emosies geëet. Almal het 'n voorafopgestelde idee van wat goeie en slegte kos is. Hoe beter die kos is, hoe langer hou dit jou maag vol. Party kosse kan ook langer gestoor word – vir die winter-maande. Ons yskas-geslag lê al minder kos in, gooi vrot kos weg en koop dinge wat ons vet maak en arm laat.

Kos het vermaaklikheids-waarde. Die voorbereiding, die maak en voorsit daarvan. TV-programme soos 'Kokkedoor' en 'Kêrels wat kook' is van die nuwe inkarnasies wat as beide sosiale eksperimente as kook-programme kan dien.

[...]

Die geskiedenis is vol maaltye om aan te herkou. Jesus doop die brood saam met Judas in die sous as teken van

verraad wat sal volg. Esau verkoop sy eersgeboortereg vir lensiesop.

Party mense eet sonder om te proe, proe sonder om te eet. Partymaal smaak die lekkerste kos sleg en opgestapelde borde kos kan die honger nie vul nie. Manna en kwartels was genoeg vir die vlugtelinge op hul suiwerings-tog. ‘n Stukkie droë brood opgedis met liefde vul meer as die maag.

Vir die mense aan die verskillende kante van ‘n sopkombuis-toonbank kry kos egter ‘n konkrete betekenis. Geen oppervlakkige simboliek, net verwerkte vleis en geblikte groente opgekook in water. Slegs brood en botter.

Botter en Brood

‘n skurwe stuk brood,
sag gesmeer met botter.
suiker in die piering
en die laaste druppel
in jou teelepel

‘n skurwe stuk aarde
waaroor die geel
son sy strale smeer
en die laaste druppel
nag oplek

gryp ek dan die skurwe dag
soos ‘n kind,
en hap ek na elke stuk
wat ek kan vind.

http://versindaba.co.za/2013/08/10/wicus-luwes-gebottelde-liefde-en-ingelegde-lewens

Brood vir die Pad

Om te roep uit diep van donker nagte

Dirkie Smit

Dit was ’n paar donker dae, die afgelope week. Asof meteens was daar tyding van vele kante, van vriende, kollegas, mense wat ons goed ken, álmal met dieselfde verhaal. Hulle kinders en ander náby aan hulle beleef oomblikke – tye, maande, weke, intense dae – van diepe depressie. Een epos lei tot ’n ander. Dis asof elke gesin skielik kan vertel hoe hulle diesélfde deurmaak. Bekommernis, broosheid, magteloosheid, hulpeloosheid. Iemand praat van die donker engel van depressie. Van ’n diepe put. Van stukkende kinders. ’n Ander skryf van weerloosheid. Hoevele mense, gesinne, ouers, eggenotes ken nie dié ervaring nie? Die spreuk sê elke huis het sy kruis – en as iemand die hart open kan álmal skielik saampraat. Verslawing, uitsigloosheid, depressie – dis nie sommer niks nie. Hulle kan niks anders meer doen as om die Onse Vader oor en oor sáám te bid nie, sê ’n ander.

Juis in dié dae voltooi ’n student ’n tesis oor die Switserse denker Karl Barth. Van spreuke gepraat: daar is ook een wat sê God help dié wat hulle self help, sê Barth. Dis die taal waarvan ons hou. Die soort spiritualiteit waarvan vele hou wat wel van spiritualiteit hou. Van aktiwiteit en selfvertroue. Die yes, we can-taal van Westerse optimisme en Protestantse aktivisme. Die dóén-taal van sterkes en suksesvolles. Die taal van inspan, onssélf inspan, ánder oproep om hulself ook reg te ruk en in te span – en sommer ook vir Gód in te span, as Helper van dié wat hulself help, as seënende hand oor ons eie inisiatiewe.

Die logika van genade werk presies ándersom, sê Barth. Genade sê presies die teendeel. God help dié wat hulleself nie kan help nie, word hulpeloos ter wille van dié wat hulleself nie kan help nie. (Trouens, sê hy, omdat hy nadink oor sonde as trots en eie-waan, genade is selfs vir die wat nie gehelp wil wées nie, omdat hulle dink dat hulle dit nie nodig het nie). Juis as ons onsself nie kán help nie – en dit wéét, erken, vóél soos wat ouers dit kán voel oor kinders – ook dán is ons nie buite Gods genade nie. Hy gee lig in donker dieptes, Hy maak donker plekke lig (Job 12:22).

Geloof is juis om tot God te roep, sê Barth, en verwys na Ps. 50:15: “Roep my aan in die dag van benoudheid.” Hy sou ook ánder psalms kon aanhaal, weeklagte, noodroepe, gebore in magtelose vrees. Wie vergeet ooit Totius se beryming van Ps. 130?: Uit dieptes, gans verlore, van redding ver vandaan//waar hoop se laaste spore in wanhoop my vergaan;//uit diep van donker nagte roep ek, o Here, hoor,//en laat my jammerklagte tog opklim in u oor! Dis g’n wonder dat dié een van Luther se geliefde psalms was nie, die de profundis, só genoem na die Latynse “uit die dieptes.” Uit die dieptes, as wátter donker engele kom klop, roep dié wat geen hulp meer het nie en hulleself – en hul kinders – nie uit eie krag kan help nie. Maar om só te mag roep, om dán die Onse Vader saam te stamel, om ander te hê wat óók namens ons roep – dis óók nie niks nie. Soos een epos ná die ander óók getuig.

http://www.dieburger.com/opinie/2013-08-17-geestelike-waardes-om-te-roep-uit-diep-van-donker-nagte

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877